Die virtuele Afrikaans-klaskamer vir ‘millennial kids’

Estelle Kruger, Departement Kurrikulumstudie, Stellenbosch Universiteit

Hoewel daar nog weinig intensiewe navorsing in die veld van Opvoedkunde gedoen oor die toepaslikheid van kennis oor Generasie X/Y/Z-jeugdiges — die "Millennial Kids", sal taalonderwysers in hierdie werkswinkel eerstens inligting bekom oor die konteks waarbinne hierdie leerders opgevoed word en kenmerke wat hulle vertoon. Tweedens sal kongresgangers kans kry om voorbeelde te sien en interaktief deel te neem aan die skep van onderriggeleenthede vir hierdie nuwe generasie.

Die Millennials is meestal (of kwasi-) informasiegeletterd as gevolg van die toenemende beskikbaarheid van en blootstelling aan elektroniese massakommunikasiemedia. Die leerders vir wie huidige onderwysstudente gaan skoolgee (en die studente self), is tipies meestal kinders van middelklas- of welgestelde ouers, afkomstig uit voorstede, word gevoed deur McDonald’s, vind hul tydverdryf in rekenaarspeletjies en inkopiesentrums en is opgevoed met behulp van televisie (Sacks, 1996:120).

'n Nuwe beskouing van die klaskamerkonteks is nodig en dit kan gesien word as ’n laboratorium waar onderrig, interaksie en leer plaasvind sodat daar ruimte is vir die kreatiewe omskepping en toepassing van kennis, veral deur middel van nuwe tegnologie. Die leuse ”kennis is mag” kan in onderwys verskuif na ”verbeelding en kreatiwiteit is mag”.

In hierdie werkswinkel sal die virtuele klaskamer gebruik word as ’n kommunikasie-stelsel wat vir ’n groep gebruikers ’n onderrig- en leergeleentheid skep buite die fisiese beperkings van die tradisionele klaskamer se mure met behulp van ’n webgebaseerde rekenaarnetwerk. Voorbeelde van gesimuleerde rolspeldebatte en 'n virtuele biblioteek wat deur onderwysstudente geskep is, sal

gebruik word om kongresgangers aan te moedig om soortgelyke programme en stories met behulp van idiome, mitologiese figure en grafika te skep.